
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

basic education

Department:
Basic Education
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

**RELIGIESTUDIES V2**

**MEI/JUNIE 2025**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 15 bladsye.**

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 1**

1.1 1.1.1
- Fisiese geweld
- Verbale misbruik
- Emosionele misbruik / Sielkundige/Psigologiese geweld
- Seksuele teistering
- Sosio-ekonomiese geweld

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (4)

1.1.2
- **Skadelike geslagstereotipes en patriargale kulture:**
- Norms word gebruik om geweld teen vroue te regverdig: mans is aggressief, neem beheer (dwang) en is dominant.
- **Middelmisbruik:**
- Mense wat dwelms misbruik, kan irrasioneel en gewelddadig teenoor hul geliefdes raak en noodlottige beserings veroorsaak.
- **Konflikte, krisisse en verskuiwing/verplasing:**
- Tydens 'n krisis kom vroue en meisies te staan voor die risiko van vorms van geslagsgebaseerde geweld.
- **Armoede en ander ekonomiese uitdagings:**
- Wanneer mans deur konflik of 'n verlies aan normaliteit, werkloosheid en armoede geaffekteer word, kan dit daartoe lei dat hulle hul manlikheid op gewelddadige maniere laat geld.
- **Gebrek aan wetlike beskerming:**
- Daar is 'n gebrek aan wetstoepassing om geslagsgebaseerde geweld te kriminaliseer.
- **Gebrekkige politieke verteenwoordiging:**
- Om geslagsgebaseerde geweld te beëindig sal onmoontlik wees sonder dat daar billike vroulike verteenwoordiging op beleidmakingsvlak is.

**LET WEL: Merk slegs die eerste DRIE oorsake. Beide die benaming en verduideliking moet gekrediteer word.**
**Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (12)

1.1.3
- **Verkragting en seksuele aanranding:**
- Dit kan lei tot trauma, onwelkome swangerskappe en seksueel-oordraagbare infeksies.
- **Sosiale en ekonomiese newe-effekte van geslagsgebaseerde geweld:**
- Daar kan 'n verlies aan lewensonderhoud wees en verhoogde geslagongelykheid op lang termyn.
- **Rapportering of soek na dienste vir geslagsgebaseerde geweld:**
- Dit kan tot verdere dreigemente van geweld lei.
- **Negatiewe impak op gesinne/afhanklikes:**
- Die lede van die gesin is getraumatiseerd en met 'n negatiewe stigma gelaat.
- **Langtermyn sielkundige trauma:**
- Dit sluit depressie, angs en selfs selfmoord in.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (12)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

1.2
- Skep multigodsdienstige ondersteuningsgroepe vir slagoffers van geweld.
- Bemagtig vroue en meisies tydens hulle hele lewe, bv. deur vroue ekonomies te bemagtig, veilige tuistes vir vroue en meisies.
- Sluit vroue by besluitneming op leierskapvlak in.
- Gee vroue tydelike finansiële steun.
- Stig plaaslike vroueregte-organisasies wat deur vroue bestuur word.
- Bepleit vir die bepaling en toepas van wette om gemeenskapslede/slagoffers te beskerm.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

1.3 **VOORBEELD 1: CHRISTENSKAP**
- Enige vorm van geweld of mishandeling van ander mense word veroordeel. (Ef. 5:25)
- Mans word beveel om hulle vroue so lief te hê soos wat God die kerk liefhet.
- Mans moet hulle vroue met dieselfde sorg en respek behandel as wat hulle aan hul eie liggame bewys.
- In die Ou Testament, is daar God se bekommernis oor die onderdruktes, onder meer vroue wat slagoffers van geweld en mishandeling is. (Jes. 1:17)
- Jesus was in kontak met vroue wat in die samelewing gemarginaliseer en mishandel is, en het hulle met deernis en respek behandel.
- Hy het hom uitgespreek teen die mishandeling van vroue en hulle waardigheid en waarde as gelyk met dié van mans bevestig.
- Christenskap leer van geweldloosheid, soos Jesus gesê het: 'Geseënd is die vredemakers.'
- Jesus het 'n vrou gered wat vir egbreuk gestenig sou word. (Joh. 8:6)

**VOORBEELD 2: HINDOEÏSME**
- Hindoeïsme glo dat die baie belangrik en waarlik goddelik is.
- Hulle aanbid God as Moeder, elke vrou word dus beskou as 'n manifestasie van die Goddelike Moeder.
- Vroue moet in elke lewenstadium beskerming gegee word.
- Reinheid, selfbeheersing en aanbidding is waardes wat net soveel by mans, as vroue, hoort.
- Geweld teen vroue word as 'n skending van dharma of geregtigheid beskou.
- Dit gaan teen die kernwaardes van deernis en geweldloosheid (ahimsa).
- Volgens Hindoeïsme is die rol van die mens in die wêreld om die regte en veiligheid van alle individue, vroue ingesluit, te bepleit (voor te staan).

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (12)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 2**

2.1
- Spesies bevat 'n groot verskeidenheid klein verskille.
- Beide die wêreld en spesies verander mettertyd.
- In die geveg om oorlewing, sal beter aangepaste variasies voorkeur geniet.
- Dié wat nie is nie, sal sukkel om te oorleef.
- Op hierdie wyse kan spesies geleidelik vorm verander en meer kompleks word.
- Die lewe ontwikkel in 'n proses wat van eenvoudig na kompleks lei.
- Die verskillende vorms van lewe het nie perfek gevorm verskyn nie, dit het met verloop van tyd ontwikkel.
- Die evolusieleer verwys nie na die bestaan van 'n opperwese nie.
- Mense het in die loop van 'n lang proses ontstaan, wat miljoene jare geduur het, totdat moderne mense finaal verskyn het.
- Ape word as die voorouers van die moderne mens beskou.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

2.2
- Hindoeïsme het nie 'n probleem met evolusie nie.
- Hulle glo dat die heelal op evolusie gebaseer is.
- Hulle glo dat hulle 'n meer gevorderde evolusieleer as die wetenskaplike een het.
- Die wetenskaplike teorie is beperk.
- Dit fokus slegs op die fisiese perspektief van skepping.
- Hindoes glo dat mense oor hulle geestelike en fisiese evolusie beheer het.
- Hindoes glo dat indien jy 'n goeie lewe lei jy deur baie hergeboortes sal evoleer totdat jy fisies en geestelik gevorderd is.
- 'n Mens sal uiteindelik vryheid van die fisiese kry en een wees met God.
- Hindoes glo dat daar 'n intelligente ontwerper agter alles, soos evolusie en die mensdom en die heelal, is.

**LET WEL: 'n Maksimum van VIER punte kan vir Darwin se teorie toegeken word.**
**Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (14)

2.3 **ABRAHAMITIESE GODSDIENSTE: Christenskap, Judaïsme en Islam**
- Abrahamitiese godsdienste glo wat in Genesis en die Koran geskryf is – dat God die heelal in ses dae geskep het.
- Die heelal is perfek geskep, mense ingesluit.
- Die Oerknalteorie erken nie die bestaan van God nie, so dit moet verwerp word.
- Die Oerknalteorie val die fundamentele leerstellings van hierdie godsdienste aan, die 'skeppingsmite'/Kreasionisme.
- Hulle glo dat hulle weergawe van die skepping deur diegene wat in aanraking met die fundamentele werklikheid was, geskryf is, so dit is ondenkbaar dat God mense sou toelaat om foute te maak.
- Hulle glo dat die heelal onder beheer van die Skepper is.
- Hulle glo dat die heelal wat ons sien, in die eindtyd sal ophou bestaan, volgens God se wil.

**LET WEL: Ken 'n maksimum van TWEE punte toe vir die Oerknalteorie.**
**Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

2.4 **VOORDELE**

- Godsdiens sal nie deur weersprekings met wetenskaplike feite ondermyn word nie.
- Die heliosentriese teorie het die verkeerde geosentriese teorie vervang.
- Godsdiens vereis dat gelowiges sonder bewyse moet glo.
- Godsdiens en die wetenskap is strydig/onverenigbaar: godsdiens fokus op die geestelike/bonatuurlike.
- Die wetenskap fokus op natuurlike verskynsels.
- Godsdienste wat evolusie en die Oerknalteorie verwerp, sal geen probleem met hierdie benadering hê nie.
- Teïstiese evolusie sal meer ondersteuning in godsdienstige kringe hê.

**NADELE**

- Die geloofstelsels van godsdienste sal nie uitgedaag word nie, en nie geanaliseer word nie.
- Christene sal steeds aan die geosentriese teorie glo.
- Alle wetenskaplike bewyse van 'n goddelike wese sal geïgnoreer word.
- Wetenskap en tegnologie help in werklikheid godsdiens, bv. sosiale media, medisyne, ens.
- Die studie van die wetenskap dui op intelligente ontwerp (goddelike plan). Hierdie inligting sal geïgnoreer moet word.
- Godsdienste wat die wetenskap aanvaar (bv. Taoïsme, Hindoeïsme) sal voortgaan om dit te doen want dit steun hulle godsdienste.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (16)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 3**

3.1 3.1.1

- Stigting en registrering van nasionale takke.
- Stuur intergeloofsafgevaardigdes na konflikrisiko-areas.
- Neem deel aan die wetgewende verkiesing in Togo.
- Stuur 'n afvaardiging van vroue na Noorse lande.
- Neem deel aan die Wêreld Sosiale Forum wat in Kenia gehou word.
- Stigting van die IFAPA-vrouenetwerk.
- Stigting van streeks-Jeugnetwerke ('regional Youth Networks').

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (12)

3.1.2

- Respekteer godsdienstige verskille, gee uitvoering aan sedelike/morele vraagstukke en waardes wat diep eerbiedig en wyd gedeel word.
- Bewaar die identiteit van elke godsdienstige gemeenskap.
- Eer die verskillende maniere waarop godsdienstige gemeenskappe in Afrika georganiseer word.
- Ondersteun multigodsdienstige strukture binne RfP-netwerke wat op die kontinent plaaslik gelei word.
- Onderhou die beginsels van verteenwoordiging, ondergeskiktheid en solidariteit. (10)

3.2 3.2.1

**VOORBEELD 1: ISLAM**

- Soenni
- Sjia

**VOORBEELD 2: BOEDDHISME**

- Theravada-Boeddhisme
- Tibettaanse Boeddhisme
- Mahayana-Boeddhisme (4)

3.2.2(a)

**VOORBEELD 1: ISLAM**

**SOENNI-GELOOF/OORTUIGINGS**

- Soenni verwys na 'volg' die sunnah (voorbeeld) van die Profeet Mohammed.
- Die Hadith vertel deur die metgeselle van die Profeet, het gelyke status met dit wat deur sy familielede vertel word.
- Die Soenni-vertakking glo dat al die leringe wat in die Boeke van Hadith bevat word, ewe belangrik is.
- Soenni's volg die leringe van geleerdes van die 7de en 8ste eeue.
- Soenni's aanvaar nie dat 'n kalief uitsluitlik uit die Profeet se familie moet kom nie.

**SJIA-GELOOF/OORTUIGINGS**

- 'Sjia' beteken 'volgeling' of 'aparte party'.
- Die Hadith vertel deur die metgeselle van die Profeet het minder betekenis as wat deur sy familielede vertel word.
- Die Sjia volg die leringe en opinies van slegs 'n lewendige geleerde.
- Hulle glo dat die laaste kalief uit die Profeet se familie in 'n grot weggesteek is en eendag as leier sal herverskyn.
- Daar word na hom as 'imam' verwys.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VOORBEELD 2: BOEDDHISME**
**THERAVADA-BOEDDHISME**
**GELOOF/OORTUIGINGS**

- Theravada-Boeddhisme glo aan die doktrine van anatman.
- 'Anatman' beteken dat die ego/self voorkom dat ons geestelik ontwikkel en nirvana bereik.
- Theravada-Boeddhisme leer dat verligting deur die individu se pogings gebeur en nie deur die ingryping van andere of enige gode nie.

**TIBETTAANSE BOEDDHISME**
**GELOOF/OORTUIGINGS**

- Die volgende van Tibettaanse Boeddhisme glo aan die reïnkarnasie van die nakomelinge van sekere lamas (onderwysers), soos die Dalai Lama.
- Hulle glo dat Boeddha in menslike vorm kan verskyn.
- Hulle glo aan 'n panteon van Boeddhas, bodhisattvas en dharma-beskermers.

**MAHAYANA-BOEDDHISME**
**GELOOF/OORTUIGINGS**

- Hierdie vertakking glo dat daar nie iets is soos 'n individuele, onafhanklike self is nie. Alle wesens is verwant.
- Volgelinge van Mahajana glo aan gesamentlike verligting.
- Mahayana-Boeddhisme leer dat die motivering vir verligting deernis vir alle lewende wesens is.
- Hulle leer volgelinge om bodhisattva (iemand wat in diens is vir die verligting van andere) te word.

**LET WEL: 'n Maksimum van AGT punte kan vir enige vertakking toegeken word.** (12)

3.2.2(b) **VOORBEELD 1: ISLAM**
**SOENNI-PRAKTYKE**

- Godsdienstige praktyke is streng volgens die sunnah van die Profeet, soos in die Hadith voorgeskryf.
- In Soenni-Islam, is 'n 'imam' slegs die leier van gemeentegebed.
- Imam dui nie op formele opleiding in Soenni-Islam nie.
- Muttah (tydelike huwelik) is verbode.
- Daar is vier skole van geregtelike opinie.

**SJIA-PRAKTYKE**

- Imams is slegs afstammelinge van die Profeet Mohammed, wat hulle glo goddelik aangestel is.
- Die altaar van Hussein in Karbala is 'n belangrike bestemming vir Sjia-pelgrims.
- Muttah (tydelike huwelik) word toegelaat.
- Hulle praktiseer selfskending, byvoorbeeld by die herdenking van die tragedie van Karbala.
- Daar is twee skole van geregtelike opinie – Akbar en Usuli.



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VOORBEELD 2: BOEDDHISME**
**THERAVADA-BOEDDHISME**
**PRAKTYKE**

- In Theravada-Boeddhisme is die ideaal vir die individu om 'n lewe van meditasie te lei om geestelik te ontwikkel.
- Monnike woon in kloosters, bedel vir kos en mediteer feitlik die hele dag.
- Die monnike help en werk saam met leke in belangrike lewensgebeure soos geboortes, huwelike en begrafnisse.
- Die monnik neem nie leiding nie maar is aanwesig om gewig aan die geleentheid te gee.
- Die meeste godsdienstige praktyke word tuis uitgevoer alhoewel daar ook individuele en gemeenskapsmeditasie en kantillering in tempels plaasvind.

**TIBETTAANSE BOEDDHISME**
**PRAKTYKE**

- Tibettaanse Boeddhiste beoefen baie rituele, soos offerandes aan beelde van Boeddha, en die bywoon van openbare leergeleenthede.
- Hulle gebruik rituele en kantillering vir gebede.
- Hulle mediteer.
- Hulle gebruik ook beswymings (mantras) om wysheid te bekom.

**MAHAYANA-BOEDDHISME**
**PRAKTYKE**

- Hierdie vorm van Boeddhisme het 'n konsep, genoem bodhisattva, ontwikkel.
- 'n Bodhisattva is 'n persoon wat op sy/haar eie meriete Nirvana kan binnegaan, maar wat uit deernis vir mense wat swaarkry, besluit het om hierdie binnegaan uit te stel om andere te help.
- Die bodhisattva is dus beskikbaar om mense te help om geestelik te ontwikkel en kan later 'n Boeddha word.
- In Mahayana-Boeddhisme kan gewone mense goddelike wesens nader om hulle te help om verlossing te soek.
- Mahajana-Boeddhiste beoefen meer rituele elemente as wat in Theravada-Boeddhisme onderhou word.
- Voorbeelde is om hulleself neer te werp/verneder/neerbuig, kantillering en die aansteek van wierook.

**LET WEL: 'n Maksimum van AGT punte kan vir enige vertakking toegeken word.**
**Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (12)

**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 4**

4.1 4.1.1 **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- In Afrika Tradisionele Godsdiens is boosheid die gevolg van die ontevredenheid van die voorouers of dat hulle by belangrike gebeurtenisse in die familie uitgesluit word.
- Daar word ook geglo dat daar mense is, soos towenaars en hekse, wat bonatuurlike magte besit wat ander mense kan benadeel.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens is 'n heks 'n bose wese wat bonatuurlike magte bekom het om andere te benadeel.
- Boosheid veroorsaak dat mense op 'n manier optree wat teen die etiese beginsels van die beskerming en bevordering van die lewe gaan.
- Hierdie boosheid kan baie vorms aanneem, soos om die lewende dooies en hulle wense te ignoreer.
- Om ander mense te benadeel, is die rol van boosheid, bv. deur die gebruik van toorkuns.
- Die opsetlike versteuring en ontwrigting van die gemeenskaplike en kosmiese orde is ook die rol van die bose.
- Die voorouers is daartoe in staat om boosdoeners te straf.
- Die voorouers kan boosdoeners met teëspoed en siekte straf.

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP**

- God het nie boosheid geskep toe Hy die wêreld geskep het nie.
- Hy het 'n perfekte wêreld en perfekte mense geskep.
- Boosheid het eers later te voorskyn gekom toe Adam en Eva God nie gehoorsaam het nie. (Erfsonde)
- Christene noem hierdie soort ongehoorsaamheid 'sonde' en glo dat boosheid van sonde af kom.
- Hulle glo dat sonde dikwels deur Satan gebruik word om onenigheid en twis onder mense te veroorsaak.
- Satan was 'n engel wat teen God gerebelleer het en Adam en Eva mislei het.
- Boosheid skei mense van God en vernietig die gemeenskap tussen God en mense

**LET WEL: 'n Maksimum van SES punte kan toegeken word vir óf "oorsprong" ÓF "rol van die bose".**
**Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (10)

4.1.2 **VOORBEELD 1: AFRIKA TRADISIONELE GODSDIENS**

- Lewe is op die idee van harmonie in die ingewikkelde, komplekse verhoudings tussen alle lewende wesens gebaseer.
- Vir die tradisionele Afrikaan is die beginsel: Ek is verwant, daarom is ek.
- Dit is die Afrika-filosofie van Ubuntu – umuntu ngumuntu ngabantu ('n mens is 'n mens deur ander mense)
- Die individu kan nie groei of ontwikkel sonder die gemeenskap nie.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- Die gemeenskap kan ook nie groei of ontwikkel sonder om individualiteit te reken en te respekteer nie.
- Individuele sekuriteit word deur die eenheid van die gemeenskap bekom.
- Vir die inheemse Afrikaan bestaan die gemeenskap uit mense, die lewende dooies (voorouers) en dié wat nog gebore moet word.
- Voorouers hou 'n waaksame oog oor die lewendes en beskerm hulle waar nodig.

**VOORBEELD 2: CHRISTENSKAP**

- Die skep van die mens word as die klimaks van die manifestasie van God se glorie beskou.
- Nadat God vir Adam geskep het, het Hy besef dat Adam dit nie sou kon hanteer om alleen te leef nie. Hy het Eva geskep sodat hulle beide geselskap sou hê.
- Die drie persone van die Heilige Drie-eenheid kommunikeer en raadpleeg mekaar.
- As die model van die Heilige Drie-eenheid gevolg word, moet die mensdom 'n verhouding van wedersydse respek en liefde hê.
- Individue moet na mekaar omsien en mekaar beskerm.
- Geen persoon moet 'n ander domineer of uitbuit nie. ('Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.') (10)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

4.2
- **Historiese konteks**
- Dit beteken dat die geskrifte binne die konteks van die tyd en omstandighede toe die teks geskryf is, verstaan moet word.
- **Duidelikste betekenis**
- Die betekenis wat die duidelikste vir die leser is, moet in ag geneem word.
- **Plan, doelwit en konteks**
- Die skryfplan of struktuur van die hele dokument moet in ag geneem word.
- 'n Uittreksel moet as deel van die geheel beskou word.
- **Betekenis van woorde**
- Die betekenis van woorde verander dikwels met verloop van tyd en konteks.
- Vir die korrekte interpretasie moet die oorspronklike betekenis in ag geneem word.
- **Figuurlike taal**
- Figuurlike taal word algemeen in heilige tekste gebruik.
- Dit moet as sodanig geïdentifiseer word sodat dit nie letterlik geïnterpreteer word nie.
- **Ander heilige tekste**
- Een heilige teks kan gebruik word om ander heilige tekste uit dieselfde godsdiens te interpreteer.
- Dit is omdat daar konsekwentheid ten opsigte van leerbeginsels in die godsdiens en sy heilige tekste bestaan. (8)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za


This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.3 **VOORBEELD 1: JUDAÏSME**

- Soos so baie godsdienste is die oorspronklike inspirasie grotendeels deur middel van die mondelinge tradisie versprei.
- Hierdie mondelinge tradisie is getrou vir honderde en selfs duisende jare versprei.
- Die primêre geskrifte in Judaïsme staan gesamentlik as die Tenach bekend.
- Die Tenach bestaan uit die Tora, Nevi'm en Ketuvim.
- Die eerste groep van die primêre geskrifte het teen die 3de eeu VHJ kanonieke status bereik.
- Die derde groep geskrifte is finaal in die laaste dekade van die eerste eeu VHJ in die kanon aanvaar.
- Die korpus van die geskrifte is deur geleerdes bepaal na noukeurige beraadslaging dat dit die openbaarde woord van God is.
- Die Apokriewe is nie ingesluit as goddelik geopenbaarde boeke nie.
- Die Talmoed het as 'n sekondêre bron tot die kanon gedien.
- Die Talmoed bestaan uit die Misjna en Gemara.
- Dit is teen die einde van die 5de eeu AE voltooi.
- Op die derde vlak is 'n verdere gedetailleerde rabbynse verduideliking van die Tora.
- Die belangrikste van hierdie rabbynse verduidelikings is neergeskryf. (Midrasj)

**VOORBEELD 2: HINDOEÏSME**

- By Hindoeïsme kry die oorspronklike klank van die gesproke woord absolute prioriteit.
- Die mondelinge en geskrewe tekste het hulle oorsprong uit die inspirasie wat 4 000 jaar gelede nagespoor kan word.
- Hierdie tekste staan as die Vedas bekend.
- Die oorspronklike inspirasie is vir eeue en selfs millenniums lank mondeling oorgedra voor die koms van geskrifte wat gehoor word (Shruti).
- Die gehoorde geskrifte word onderskei van sekondêre, menslike afgeleide geskepte geskrifte soos filosofiese interpretasies.
- Hierdie onderskeiding is egter nie absoluut nie.
- Die Brahmanas en Upanishads het later komposisies, kommentaar en interpretasies van vroeëre versamelings geword.
- Die komposisie, kommentaar en interpretasies is later by die heilige tradisie van die Vedas ingesluit.
- Met verloop van tyd was daar ontwikkeling uit die oorspronklike na die afgeleide. Hierdie het verskillende klassieke filosofiese skole ingesluit.
- Filosofiese skole wat ontwikkel het, is die Nyaya, Vaisheshika, Sankhya, Purva-Mimamsa, Joga en Vedanta.
- Daar was na verloop van tyd meer innoverende en outoritêre kommentators en herinterpreteerders.
- Voorbeelde van die innoverende en outoritêre kommentators is Shankara en Vivekananda.

(12)

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

4.4
- Dit is die ware oorsprong van alle godsdienste.
- Inspirasie verwys na die mag of krag van 'n buitengewone wese wat 'n gekose wese oorneem.
- Die stigterslede van baie godsdienste is deur 'n hoër mag of wysheid oorgeneem.
- Sulke mense het gevoel dat hulle 'n openbaring van 'n buitengewone wese ontvang het.
- Latere generasies het ook uit oorspronklike inspirasie geput en dus sekondêre inspirasie bekom.
- In Afrika Tradisionele Godsdiens ontvang die mediums of waarsêers inspirasie terwyl hulle in 'n beswyming is.
- Inspirasie is 'n magtige motivering vir die volgelinge van 'n godsdiens.
- Kontemporêre inspirasie speel 'n rol om 'n persoon se geloof/oortuigings te versterk.
- Dit dien ook om nuwe bekeerlinge na 'n godsdiens te nooi.
- Kontemporêre inspirasie versterk die oorspronklike inspirasie.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.**

(10)
**[50]**



SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

**VRAAG 5**

5.1
- Sekularisme beteken 'n skeiding van mag tussen staat en godsdiens.
- In die 16de eeu het Martin Luther sekere veranderinge aan die gang gesit wat tot die versplintering van die Christendom in Katolieke en Protestante groepe gelei het.
- Dit het tot dekades van godsdienstige oorloë in Europa gelei.
- Die kerk was op daardie stadium baie invloedryk, beide polities en sosiaal.
- Konings, keisers en die adel het die kerk gebruik om hulle mag te vestig.
- Godsdienstige leiers het op hulle beurt heersers beïnvloed om hulle interpretasie van geloof/oortuigings te bevorder.
- Al die vegtende partye het gedink dat 'n samelewing vreedsaam sou wees as almal dieselfde geloof/oortuigings gedeel het.
- Mense het begin soek na 'n staat waar daar godsdienstige verdraagsaamheid sou wees.
- Intellektuele van daardie tyd het tot die gevolgtrekking gekom dat godsdiens verdelend eerder as verenigend was.
- 'n Regering wat suiwer op redenasie en op 'n begrip van die menslike aard gebaseer was, was dan die oplossing.
- Die Prins van Oranje was een van die eerste mense om 'n skeiding tussen kerk en staat te bepleit.
- Die regering en moraliteit is dus geskei van godsdiens, en sekularisme het ontstaan.

**LET WEL:.Ken 'n maksimum van TWEE punte toe vir die invloed van Wetenskap op Sekularisme.** (12)

5.2
- **AGNOSTISISME**
- Agnostisisme kom van die Griekse 'a' wat 'sonder' beteken en 'gnosis' wat 'kennis' beteken.
- Hierdie term is die eerste keer in 1869 deur 'n filosoof met die naam TH Huxley gebruik.
- Agnostici glo dat dit nie moontlik is om die bestaan van God of 'n bonatuurlike wese te bewys of te weerlê nie.
- Dit verwys na onsekerheid oor Godskennis.
- Agnostici skepties oor godsdienstige leringe.
- Hulle verwerp godsdienstige doktrine, veral godsdienste wat beweer dat hulle geestelike/spirituele kennis het.

- **ATEÏSME**
- Ateïste verwerp die geloof dat goddelike of bonatuurlike magte bestaan.
- Daar is verskillende grade van ateïsme.
- Sagte of neutrale ateïste verwerp nie aktief die bestaan van 'n bonatuurlike wese nie.
- Sterk of positiewe ateïste glo daar is bewyse om hulle ateïstiese standpinte te ondersteun.
- In sommige gevalle verwerp sagte ateïste beide teïsme en sterk ateïsme.
- Dit is omdat hulle voel dat beide wêreldbeskouings afhang van bewyse om hulle bewerings te ondersteun.
- Ateïste draai dikwels na die wetenskap om die aard van die heelal te verduidelik, eerder as om op geloof staat te maak.

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

- **MATERIALISME**
- Materialisme glo dat materie die enigste realiteit/werklikheid is.
- Materialisme leer hulle volgelinge dat daar geen bonatuurlike gebied/sfeer is nie.
- Hierdie wêreldbeskouing opponeer die godsdienstige wêreldbeskouings wat op die geloof/oortuigings gebaseer is wat die bestaan van enige vorm van geestelike realiteit bevestig.
- Materialisme propageer dat niks behalwe die natuur bestaan nie.
- Volgens materialisme is enigiets wat buite die natuur beskou word, 'n wese van die verbeelding.
- Materialisme verbied hulle volgelinge om hulleself aan enige geestelike afhanklikheid te verbind.
- Nuwe terme is uit materialisme ontwikkel, naamlik dialektiese materialisme en historiese materialisme.
- In dialektiese materialisme word materie beskou as die fundamentele oorsaak van alles.
- Historiese materialisme: daar word na ekonomie en die verhouding tussen werkers en eienaars as die basiese struktuur in die gemeenskap as historiese materialisme verwys.
- Kontemporêre fisici en neurowetenskaplikes daag materialistiese verduidelikings van realiteit uit.

- **SEKULÊRE HUMANISME**
- Humanisme het aanvanklik 'n beroep op mense gedoen om hulle intellek te gebruik om openbaring te verstaan.
- In die 19de eeu het sekulêre humanisme ateïsme of 'n nie-godsdienstige beskouing beteken.
- Die Secular Humanist Declaration omvat 'n alternatiewe filosofie ten opsigte van godsdiens.
- In hulle leringe beklemtoon die Council for Secular Humanism die volgende:
  - 'n Behoefte om geloof/oortuigings te toets: 'n Oortuiging dat tradisies, ideologieë en dogma deur elke individu geweeg en getoets moet word en nie deur geloof nie.
  - Rede, bewyse, wetenskaplike metode: Toegewydheid aan die gebruik van kritiese denke/redenasie, feitelike bewyse 'n en wetenskaplike ondersoekmetode om oplossings vir menslike probleme te vind.
  - Verwesenliking, groei en kreatiwiteit: 'n Primêre belang in verwesenliking, groei en kreatiwiteit.
  - Soeke na die waarheid: 'n Konstante soeke na objektiewe waarheid.
  - Etiek: 'n Soeke na geldige individuele, sosiale en politieke beginsels van etiese gedrag.
  - Regverdigheid en geregtigheid: 'n Belangstelling in die versekering van regverdigheid en geregtigheid in die samelewing.
  - Bou 'n beter wêreld: 'n Oortuiging dat rede, ope uitruil van idees, welwillendheid en verdraagsaamheid kan gebruik word om 'n beter wêreld te bou.

**LET WEL: 'n Maksimum van SESTIEN punte kan vir enige EEN sekulêre wêreldbeskouing toegeken word.** (24)

SA EXAM PAPERS
Proudly South African

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



This Paper was downloaded from SAEXAMPAPERS

5.3 **JA**

- Die samelewing vandag vertrou op redeneervermoë om besluite te neem.
- Hulle ignoreer die outoriteit van die Opperwese.
- Hulle vertrou op rede, bewyse en 'n wetenskaplike benadering om die lewe te hanteer.
- Hulle ondermyn die voorskrifte van heilige tekste.
- Godsdienstige aanbiddingsplekke word nie meer gerespekteer nie.
- Die meerderheid van die jeug woon nie godsdienstige vieringe en rituele by nie, omdat dit nie menslike redenering gebaseer is nie.
- Sekulêre humaniste plaas meer klem op liberale standpunte van menseregte as op tradisionele godsdienstige geloof/oortuigings.
- Die gevolg is dat daar 'n toename in maatskaplike uitdagings is, soos misdaad, tienerswangerskappe wat die gevolg is van 'n degenerasie van morele/sedelike waardes.

**NEE**

- Sekularisme bevorder die ontwikkeling van die Handves van Menseregte wat sedelike waardes bevorder.
- Sedelike waardes word deur die Konstitusie in 'n sekulêre staat bevorder.
- Daar is nie 'n behoefte aan heilige tekste om 'n morele kode te ontwikkel nie. Wetstoepassing sal morele waardes afdwing.
- Dit beteken nie dat mense wat 'n sekulêre wêreldbeskouing het, nie sedes en waardes het nie.
- Families het die verantwoordelikheid om hulle kinders se morele waardes te ontwikkel. Dit kan onafhanklik van godsdiens gedoen word.
- Sekularisme het, deur die sekulêre state, bygedra tot die beëindiging van godsdiensoorloë, wat dus menslike waardigheid herstel het.
- Deesdae kan mense van verskillende gelowe saambestaan en mekaar help gedurende moeilike tyde omdat een godsdiens nie meer 'n ander een domineer nie.
- Sekularisme vestig 'n gevoel van selfontwaking.

**LET WEL: Ander relevante antwoorde moet gekrediteer word.** (14)
**[50]**

**TOTAAL: 150**


SA EXAM PAPERS
Proudly South African